Skriflesing: Job 34:10-30; Mattheus 22:1-14
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 4**
Teks: Mattheus 22:11-12
Sing-(Samesang- Ps.82:1,2) Ps.103:8,10; Ps.96:6,8;Ps.103:3,5

Wanneer Sondag 2 en 3 saampraat, broeder en suster, dan het dit baie duidelik geword dat daar by die mens ’n totale onvermoë ingetree het om enigiets uit homself (uit haarself) te doen wat goed is. Ons is van nature geneig om te haat, totaal verdorwe dat ons uit onsself glad nie in staat is om iets goed te doen nie. Dit bly deel van ons ellende, maar Sondag 4 is met ons ellende nie klaar nie. Hierdie ellende wat in sonde ontaard moet gestraf word.

En weereens is die Kategismus ’n kenner van die mens, veral wat die mens se diepste bestaan aanbetref. Maak nie saam wie of wat jy is nie, ons sien dit al by klein kindertjies. Die mens, as hy/sy iets verkeerd gedoen het, die eerste is om jouself te probeer verontskuldig. Vra jy dalk vir jou kind om vir jou iets te doen dan sal die kind eerder vyf minute met jou wil redeneer en verskonings uitdink om dit nie te doen nie, terwyl as hy dit maar net gaan doen het, dan was dit dalk binne 30 sekondes afgehandel. Dis maar ’n voorbeeld.

Daar kom in Sondag 4 ’n aanvanklike teëwerping oor wat Sondag 2 en 3 ons duidelik laat verstaan het. Daardie teëwerping is soort van ’n bedenking wat na God gerig word of die Here darem nie baie onregverdig is as Hy wat die Here is van die mens nou dinge eis wat ons nie kan doen nie? Ons is dan in alle geval heeltemal onbekwaam om die Here se Wet te hou! Ons het dit nou al oor en oor erken, en al wil ons ook iets goed doen, dan is die kwaad by my aanwesig, soos Paulus in Romeine 7 dit ook erken het.

***

Sondag 4 werk nie net met ons onvermoë nie, maar ook met ons moedswilligheid. Ons moet baie eerlik met onsself wees, voor ons teenoor enigiemand anders eerlik kan wees. Keer op keer ontdek ons dit maar weer, dat ek baie keer nie goed *wil* doen nie, behalwe dat ek uit myself dit ook nie *kan* doen nie. Ons onvermoë en moedswilligheid is twee kante van dieselfde munt. Hierdie munt van Sondag 4 rol jou en my lewe in! Dit kom eenvoudig met sy skerp kant jou lewe ingerol, maar moet nie verbaas wees as die

antwoorde nog skerper gaan wees nie, want al antwoord wat die Kategismus ken is die antwoord uit God se Woord.

***

Is God nie onregverdig nie? OF soos wat die Kategismus hierdie vraag stel- **Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?** Broeder en suster, God kan van ons gehoorsaamheid eis. God het die mens baie goed geskape. Na sy beeld, na sy gelykenis, onder-koning, een wat al die gawes ontvang het om werklik aan die reg van God te voldoen. Ons kon God werklik bo alles liefhê, en ons naaste sou ten volle in hierdie liefde kon deel. Maar daardie sonde van moedswilligheid wat nou nog so sterk by elk van ons aanwesig is, het by Adam begin. Hy wat aan die eise van God kon voldoen, hy het hom deur moedswillige ongehoorsaamheid verlei. Dit is nie God wat dit vir die mens onmoontlik gemaak het om aan sy eise te voldoen nie, maar die mens het dit vir homself onmoontlik gemaak. As God sy oorspronklike eise bly handhaaf, dan is God eintlik maar net regverdig, en doen Hy die mens geen onreg aan nie. Ons moet dit nog sterker stel- As God nie sy eise sou handhaaf soos van die begin af nie, dan sou God moes ophou om God te wees.

God is Een wat nooit sal verander nie. Watter troos om dit te weet. Hy is gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde! Al sal die hele wêreld verander dan moet ons God dank dat Hy nog altyd dieselfde is en vir ewig dieselfde sal bly. So onmoontlik soos dit vir God is om te verander, net so onveranderbaar is sy reg. Daarom sal sy Wet in alles gehandhaaf moet bly.

As ons ’n enkele voorbeeld hier mag gebruik. Gestel ’n firma stel aan ’n student ’n beurs beskikbaar op voorwaarde dat die student van sy studies ’n sukses moet maak en ook na sy studies vir die firma ’n aantal jare moet kom werk. Anders sal die student die firma moet terugbetaal. Die student is egter die een wat nie sy kant bring nie. Hy druip. Nou is dit tog nie die firma wat onregverdig is as hy van die student sy gelde terugeis nie. Die firma se eise was duidelik. Of jy slaag of jy gee ons geld terug. Wat is nou onduidelik of onregverdig daaraan?! In die eerste Wêreldoorlog was daar nog ’n meer drastiese voorbeeld. Jongmanne uit Frankryk het die duime van hulle regterhande afgekap dat

hulle onbekwaam moet wees vir militêre diens. Toe die Franse owerheid dit agterkom, toe word daar die doodstraf ingestel teen enige van die jongmense wat hulleself vir militêre diens onbekwaam gemaak het, want eintlik kom dit tog neer op hoogverraad. Daardie doodstraf is daarom geregverdig, nie waar nie?!

Al het die duiwel ons oorspronklike ouerpaar, Adam en Eva aangehits, is dit nog steeds die mens wat self die verkeerde gewil het. Daardie besondere bruilof wat die Here in die gelykenis vertel het staan as die duidelikste voorbeeld. Die koning het uit sy pad gegaan om daardie gaste te akkommodeer. Al wat die gaste moes doen is om die bruilofskleed wat in alle geval by die ingang van die saal aan hulle uitgedeel was aan te trek, nadat hulle hul eie vuil klere uitgetrek het. Dis al. Die man in die Here se gelykenis weier 'n kleed wat in alle geval vir hom aangebied is. Watter vermetelheid om te dink die koning moet hom maar aanvaar so vuil soos hy is… die koning moet maar tog net te bly wees dat hy ook daar is. So moedswillig, so weerspannig as kan kom! Die koning is nie verleë nie, nog minder ons hemelse Koning. Daardie man verdien om so uitgegooi te word, nie waar nie?

As 'n boom val, dan val sy takke en blare saam. Adam, daardie boom in die paradys het geval. Of kom ons bly by die beeld van die feesklere. Adam en Eva was feestelik in die paradys, al was daar nie klere nie, dit was nie nodig nie. Toe Adam daardie fees kleed van naaktheid deur sy sonde aan flarde geskeur het, het hy waarlik ons sy nakomelinge se klere ook verflenter. Die mens vlug agter skamele blaartjies in, maak asof dit nou klere kan wees. Erfsonde is in Sondag 3 al bely. Ons het self in Adam ons feesklere verwoes en van al die ander gawes beroof wat in Adam ons geskenk was. Weereens dit is nie God se skuld nie. Om God met ons reg te wil konfronteer gaan ons nêrens bring nie.

Soos wat Job dit gesê het, so is dit! *Vêr is God van goddeloosheid en die Almagtige van onreg.* As daar nou iemand was, wat sou kon wonder oor is dit reg wat met my gebeur, dan was dit seker hierdie man Job. Menslik laat hy baie vrae… is dit reg wat met hom gebeur het. Tog is hy die eerste een wat sê, niemand mag dit vir jou of vir my vertel dat

dit God se skuld is nie. God is altyd reg, en dit moet ons in alles aanvaar. Watter troos as ons net daarby kan bly. God sal nooit onregverdig wees nie!

***

Nou gebeur daar in die Kategismus die merkwaardige. Die mens besef dit is werklik uit- en- uit sy eie skuld dat hy moedswillig aan God ongehoorsaam was. Buiten dat die mens moedswillig is, kom die volgende na vore. Die mens is altyd 'n kansvatter! Nou wat ons besef God het die volle reg aan sy kant nou probeer ons om rondom die straf van God draaie te maak. So min soos wat daar menslike draaie om God se reg kan bestaan, so min is daar allerhande kanse wat met God gevat kan word. Moet nie met God wil kanse vat nie, so min soos wat ek met Hom kan kragte meet, of met sy reg mag speel.

Kon die Here nie maar ons ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly nie? God handhaaf sy Woord. So seker soos wat God sy beloftes vervul, so sal God ook sy straf vervul. God se vorderingsreg, die feit dat God gehoorsaamheid kan eis, laat ons ook God se vergeldingsreg erken. Hy mag, Hy kan, Hy sal vergelde die kwaad wat daar teen Hom wat alleen God is gedoen is.

Kon die Here nie maar die man sonder feesklere net weer gevra het om tog maar die feesklere daar by die deure beskikbaar aan te trek nie? Broeder en suster, met Wie het ons te doen? 'n Speelmaat, iemand Wie ons dink daar kan maar uitsonderings gemaak word. Laat dit duidelik wees. God wil die sonde straf. God wil beslis nie ons ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly nie. Sy toorn is verskriklik. Nog nooit was sonde en ongehoorsaamheid vir God 'n kleinigheid gewees nie. Ons leer God se straf op drie maniere ken. Dit is 'n baie sware straf, dit is 'n baie regverdige straf, dit is 'n baie gewisse straf.

Gestel iemand vermoor jou vrou en nou kom die regter en hy laat jou verstaan dat hy weet hierdie misdadiger is in alle opsigte skuldig. Hy was nugter, hy was by sy volle verstand, hy het met voorbedagte rade hierdie brutale moord gepleeg, maar die regter meen dat jy tog maar die misdadiger moet oorsien. Sal jy?! Broeder en suster, jy sal jou laaste sent aan regskoste uitgee, solank daar net reg kan geskied. Hoeveel te meer is ons

hemelse Regter, die hoogste Regter van hemel en aarde daarop ingestel dat sy reg gehandhaaf moet word.

Die aangebore (m.a.w. ons erfsonde) sowel as die sondes wat onsself doen, is deel van wat gestraf moet word. Omdat God se liefde so volmaak is daarom sal God sy reg ook vervolmaak. God sal straf, wat tydelike en ewige straf mag wees. Tydelike straf wat baie dinge kan insluit- rampe, droogtes, siekte, ja selfs die verval van ’n volk kan deel wees van die straf op so ’n volk. Die ewige straf staan in lyn met die ewige dood of die hel. Die man sonder bruilofskleed is uitgegooi, uitgewerp in die buitenste duisternis waar daar ’n geween is en ’n gekners van die tande. Hier wys Jesus Self ook duidelik na die hel.

Dit moet ons begryp. God wat sy Wet handhaaf, is dieselfde God wat sy Woord in alles sal handhaaf. In Deut.32:4 lees ons dit so duidelik- God is ’n God van trou- of soos dit hier staan- *God is ’n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy…*maar dan lees ons ook hiermee saam Eks.34:6-7 waar Moses dit so duidelik uitroep toe die Here by hom wat Moses is verbygegaan het – Hy vat dit saam- *HERE, Here barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir die duisende, wat ongeregtigheid en sonde en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag…* Baie jare na Moses dan sing Dawid dit nog luidkeels uit- Ps.103:8-10- *Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid, Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees…*

Dit alles sê vir ons- God se reg, en God se trou, sy waarheid en sy liefde is nie deugde van God wat teen mekaar afgespeel kan word nie. Ons moet dit ook nie probeer doen nie. Die advokaat vir ons verdediging het nog so ’n laaste poging, so ’n laaste bedenking wat daar geopper word juis om te hoor of die feit dat God ons sonde wil straf vir God nie

in botsing bring met sy eie barmhartigheid nie. God wat Self sy barmhartigheid oor en oor herbevestig. MAAR broeder en suster, juis hierdie bedenking sou dit deurgevoer word is ’n aantasting van die eer van God. God se deugde kan nie teen mekaar afgespeel word nie, want God is sy deugde. Hy is barmhartigheid, Hy is regverdigheid. Dieselfde God wat sê dat Hy is liefde, en daardie liefde wat alles dra, alles verdra… moet nie vergeet dat in hierdie liefde het jy waarlik so met God te doen, dat dieselfde Woord van God sê ook vir ons- dat God is ’n verterende vuur (Heb.12:29; Deut.4:24).

Die laaste vraag van Sondag 4 wat vra of God nie ook barmhartig is nie, erken dat ons met die ***allerhoogste majesteit van God te doen het…***As jy net hierdie allerhoogste reg van God besef, sy allerhoogste majesteit, dan sal jy weet dat jy het met God te doen. Hy is nie maar een van ons nie. Hy is nie ’n mens nie. Hy is God, Hy alleen is God! Die allerhoogstemajesteit kan eis dat ook die aller swaarste straf vir die sonde moet geld. Die man sonder kleed het gedink hy is met ’n kleinigheid besig. Wat is sy klere nou. Hy is mos uitgenooi, maar al is hy uitgenooi, was hy uitgegooi. Jy speel nie die Gasheer se goedheid teen Homself af nie, hierdie gas by die bruilof het dit ten duurste besef!

Ons moet hierdie lyn van God se geregtigheid maar ook die lyn van sy barmhartigheid nie ligtelik na kyk nie. Die kruis van hierdie lyne het ’n geweldige kruispunt en daardie eenmaal toe dit gekruis het, toe was dit die kruis op Golgota. Jesus het aan die kruis gedra die volle straf van God, God sou met niks minder as volkome geregtigheid tevrede wees nie. Maar juis deur hierdie volkome geregtigheid het God ook sy volkome barmhartigheid aan ons bewys. Paulus skryf in 2 Kor.5:21- *Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.* Golgota is en bly die hoogste bewys van God se liefde en van sy regverdigheid. Aan die kruis kan God se barmhartigheid en sy geregtigheid gesien word, ja maar laat ons dit nie vooruitloop nie.

Die Kategismus, ons troosboek loop dit ook nie vooruit nie. Sondag 5 wat ’n nuwe deel van die Kategismus inlei, wil eers ons duidelik laat verstaan dat daar net een weg is- één weg tot verlossing. Dit word ’n al hoe groter soektog…Dit word ’n al hoe groter vraag-

hoe kan ek verlos word? Hier sal ons agterkom daar was dan ook net een manier hoe ek van God se regverdige straf vry kan kom- en dit is as daar betaal word. Sondag 5 gebruik die woord betaal nie min nie, want betaal moes daar betaal word.

AMEN

Vrae uit Sondag 4

1. Het God al op enige manier teen enigiemand onreg gepleeg…Was God al ooit onregverdig gewees?
2. Wat kon ons as mense doen volgens V/A 6
3. Hoe het God die mens geskape?
4. Wie se skuld is dit dat ons nie meer die wet kan hou nie?
5. Wat word bedoel met erfsonde?
6. Is daar sondes wat nou-al reeds deur God gestraf word?
7. Watter troos gee dit vir jou om te weet dat God nooit verander nie?
8. Wat het Job in sy lewe oor God gesê?
9. Hoekom het God die man sonder bruilofskleed uitgegooi, al was hy ook uitgenooi?
10. God se regverdigheid en sy barmhartigheid het aan die kruis op Golgota gekruis. Wat bedoel ons daarmee?




11. Is God dan nie ook barmhartig nie?
God is barmhartig
God is ook regverdig
Sy geregtigheid eis dat die allerswaarste straf uitgevoer moet word
Waarvoor?
vir sonde wat teen sy allerhoogste majesteit gedoen is
Wat se straf?
ewige straf
na liggaam
en siel